



Aansoek vir die bedryf van Hoërskool Tygerberg se skoolsnoepie

(Sluitingsdatum vir aanbiedinge: _____ by skool se administratiewe kantoor)

Naam van persoon/besigheid wat aansoek indien: _____

Indien 'n besigheid, registrasieno.: _____

Naam van verantwoordelike persoon: _____

ID: _____

Fisiese adres lyn 1 _____

Fisiese adres lyn 2 _____

Fisiese adres lyn 3 _____

Fisiese adres lyn 4 _____

Kontaknommer _____

Hiermee bied ek/ons 'n bedrag aan van

R _____

(in woorde)

Op 'n aangehegte dokument spesifiseer asseblief volledig:

1. Die ure wat u oop gaan wees vir besigheid
2. Die produkte wat u van plan is om te verkoop en teen watter pryse dit verkoop sal word

Die gebou is tydens skoolure oop vir inspeksie, en die volgende items is deel van die ooreenkoms:

- Die gebou
- Die Beheerliggaam verskaf die volgende toerusting:

- 1 x 2 –deur Indesit staan yskas
- 1 x 2 –deur Kelvinator staan vrieskas
- 1 x Kelvinator kisvrieskas
- 1 x 20 liter “urn”
- 1 x gemonteerde vleklose staaltafel
- 1 x Samsungmikrogolfaand
- 1 “chip” rak: Draad met plastiek bedek
- 2 1 x 4-plaat Fuchware stoof met oond

Welke toerusting ten alle tye die uitsluitlike eiendom van die verhuurder bly. Die huurder mag kosteloos daarvan gebruik maak vir die duur van die huurooreenkoms en onderneem om die toerusting terug te besorg aan die verhuurder aan die einde van die huurooreenkoms, normale gebruik en slytasie uitgesluit. Sou enige van die

toerusting beskadig word gedurende die huurtermyn welke skade nie toegeskryf kan word aan normale gebruik en slytasie nie, sal die huurder aanspreeklik gehou word vir sodanige skade of herstelkoste.

By aanvaarding van u aanbod sal u versoek word om 'n skriftelike ooreenkoms te onderteken.

Onderhandel asseblief vooraf oor alle spesiale versoeke en stipuleer dit skriftelik in die ooreenkoms.

Hierdie ooreenkoms sluit onder andere die volgende bepalings en voorwaardes in:

- Een maand se huur moet as deposito by ondertekening van die kontrak betaal word.
- Die skool behou die reg voor om twee maande kennis te gee van die beëindiging van die kontrak.
- U as huurder onderneem om vir een volle jaar die gebou te huur vanaf die begindatum van 1 Januarie 2018 tot die einddatum van 31 Desember 2018.

Naam

Handtekening

Datum

KENNISGEWING AAN BELANGSTELLENDERS

Belangstellendes word uitgenooi om aansoek te doen om skoolsnoepwinkel van Hoërskool Tygerberg se skoolsnoepwinkel gedurende die 2018-skooljaar te bedryf.

Aansoekers moet hul aansoeke voor of op _____ in 'n verseëelde kovert per hand by mnr W. Herselman - skoolhoof, Hoërskool Tygerberg, Fairfieldstraat, Parow indien.

Verdere inligting is beskikbaar by die skoolhoof by (021) 939-2023.

VOORWAARDES

1. ALGEMENE INLIGTING

Aansoeke word ingewag vir die bedryf van die skoolsnoepwinkel asook die verkoop van verversings tydens naskoolse skoolbyeenkomste gedurende die 2018-skooljaar.

Die bedrag aangebied behels 'n allesinsluitende bedrag per maand vir 'n termyn van tien (10) maande vanaf 1 Februarie 2018 tot 1 November 2018, maandeliks betaalbaar. Die diens moet egter vir die volle skooljaar vanaf Januarie tot Desember 2018 gelewer word.

2. AANSOEKVORM

Aansoekers moet die vorm in swart ink en in duidelik leesbare drukskrif voltooi. Die bedrae is nie onderhewig aan enige terughoudings nie en moet as 'n vaste prys per maand getoon word. Die aansoek moet namens die aansoeker deur 'n behoorlik gemagtigde persoon onderteken word.

3. BYKOMENDE INLIGTING

Die aansoeker moet 'n bondige uiteensetting gee van hoe hy/sy beoog om die diens te lewer, die produkte wat verskaf sal word, enige afwykings van spesifikasies wat vir hierdie aansoek voorgestel word, ens.

Hierdie inligting word benodig om die Beheerliggaam in staat te stel om 'n duidelike waardebeoordeling van die aansoeker se voorstel te maak.

4. GELDIGHEIDSDUUR VAN AANSOEKE

Aansoeke sal vir 'n tydperk van 30 dae na die sluiting van die aansoektydperk geldig wees.

Indien 'n aansoeker:

- i. sy/haar aansoek gedurende die geldigheidsduur van die aansoek terugtrek; en/of
- ii. kennis gee van sy/haar onvermoë om die kontrak uit te voer; en/of
- iii. versuim om die ooreenkoms te onderteken;

is hy/sy aanspreeklik vir en moet enige onkoste, verliese of skade wat gely is of gely kan word, indien so versoek aan die Beheerliggaam betaal.

5. AANVAARDING VAN AANSOEK

Die Beheerliggaam is nie verplig om die hoogste of enige aansoek te aanvaar nie. Enige besluit van die Beheerliggaam oor die aanvaarding van die aansoek is finaal en die Beheerliggaam is nie verplig om 'n rede vir die aanvaarding of afwysing van 'n aansoek te verstrek nie.

Waar die kontrak toegeken is op grond van inligting wat deur die kontrakteur voorsien is en na die sluiting van die ooreenkoms as onjuis bewys word, kan die Beheerliggaam, bykomend tot enige ander regsmeddele tot sy beskikking:

- i. die kontrak summier opsê en enige onkoste, verliese of skade wat die Beheerliggaam gelyk het, verhaal; en/of
- ii. die kontrakteur 'n boete van hoogstens 5% van die waarde van die kontrak oplê.

6. JURISDIKSIE

Elke aansoeker aanvaar die jurisdiksie van die landdroshof. 'n Domicillium citandi et executandi moet in Kaapstad gekies word en in die tender aangedui word.

7. SEËLREGTE

Die suksesvolle aansoeker moet die seëlregte vir die aanvaarding van die kontrak betaal.

8. BELASTING EN HEFFINGS

Die aanbodbedrag sluit alle belastings en heffings uit.

9. KOSTE

Die koste van die opstel van die aansoek kan nie van die Beheerliggaam of die Hoërskool Tygerberg verhaal word nie.

10. AANNAMES

Die Beheerliggaam kan geen waarborgs gee van enige verwagte verkope tydens skooltye of by naskoolse byeenkomste nie. Die aansoeker maak enige aannames in hierdie verband op eie risiko.

KONTRAKVOORWAARDES

11. VERPLIGTINGE VAN DIE KONTRAKTEUR

Die kontrakteur moet die snoepwinkel daagliks bedryf op tye soos in die aansoek gespesifiseer en/of deur die Beheerliggaam goedgekeur word. Pousetye kan van tyd tot tyd na gelang van skoolaktiwiteite verander.

Naskoolse verkope word by alle amptelike naskoolse byeenkomste gedoen.

Tydens naskoolse byeenkomste is die kontrakteur verantwoordelik vir die totale hantering van alle verkope van verversings, voedsel en koeldrank aan die toeskouers en deelnemers. Die kontrakteur is ten volle verantwoordelik vir alle sekuriteitsreëlings ten opsigte van sy/haar hantering van kontant en die beskerming van voorraad.

Die kontrakteur moet, indien hy/sy daartoe versoek word, 'n ooreenkoms aangaan en opstel op die toepaslike vorm met sodanige wysigings soos ooreengekom deur die Beheerliggaam en die kontrakteur.

12. GESAG VAN DIE SKOOLHOOF

Die skoolhoof van Hoërskool Tygerberg oefen gesag uit oor enige aspekte van die bedryf van die snoepwinkel en verkope tydens naskoolse byeenkomste wat strydig met die goeie orde van die skool is. Hierdie gesag word deur die kontrakteur erken en aanvaar.

Versuim om redelikerwys hieraan te voldoen, sal as wanprestasie beskou word.

13. KONTRAKDOKUMENTE

Die onderskeie dokumente waaruit die kontrak bestaan, moet as onderling verklarend beskou word. In die geval van dubbelsinnighede of onsekerheid moet die kontrakteur dit na die Beheerliggaam verwys vir verduideliking en regstelling. Die kontrakteur is verantwoordelik vir die gevolge van sy/haar versuim om hierdie voorsorg te tref.

14. BETEKENING VAN KENNISGEWING

Vir die doel van hierdie kontrak word 'n skriftelike kennisgewing as behoorlik beteken beskou indien dit per geregistreerde pos aan die kontrakteur en/of die Beheerliggaam by die onderskeie adresse in die kontrak vervat, afgelewer is.

15. BETALING

Die kontrakteur onderneem om voor of op die derde dag van elke maand daardie bedrag wat aangebied is vir die bedryf van die snoepwinkel en vir naskoolse verkope en vry van enige terughoudings, aan die rekenpligtige beampte van Hoërskool Tygerberg oor te betaal.

Versuim van die kontrakteur sal as wanprestasie beskou word.

16. ONDERVERHURING

Die kontrakteur mag geen deel van hierdie kontrak onderverhuur sonder die skriftelike toestemming van die Beheerliggaam en onderworpe aan sodanige voorwaardes wat die Beheerliggaam kan opleë nie.

Sodanige toestemming, indien verleen, onthef nie die kontrakteur van sy/haar verpligtinge volgens hierdie kontrak nie.

17. OPSEGGING VAN KONTRAK

Hierdie kontrak kan deur die Beheerliggaam opgeskort word in die geval van:

- i. wanprestasie deur die kontrakteur; en/of
- ii. veranderinge aan die regulasies of instruksies van die Departement van Onderwys of die stadsraad wat die bedryf van die snoepwinkel of naskoolse verkope beïnvloed; en/of
- iii. omstandighede wat kan ontstaan as gevolg waarvan die toegewese snoepwinkelruimte nie meer geskik is vir die bedryf van die snoepwinkel nie.

In geen sodanige geval het die kontrakteur enige eis teen die Beheerliggaam nie.

18. EISE

Indien die kontrakteur enige eis wil instel, moet dit skriftelik aan die Beheerliggaam voorgelê word binne veertien (14) dae ná die omstandighede wat aanleiding tot die eis gegee het. Sodanige eis moet volledige besonderhede insluit van die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het. Die eis moet behoorlik gemotiveer word met 'n uiteensetting van die omstandighede en bepalinge waarop dit steun asook die omvang daarvan.

19. PRODUKTE

'n Volledige lys van produkte (met handelsmerke) wat verkoop sal word, moet by die aansoek ingesluit word. Die pryslys moet duidelik sigbaar vir leerders vertoon word.

Die kontrakteur kan die Beheerliggaam versoek om ook goedkeuring te verleen vir die verkoop van skryfbehoeftes en snuisterye vanuit die snoepwinkel.

Die Beheerliggaam behou die reg voor om die kontrakteur te verbied om sekere produkte te verkoop indien die Beheerliggaam van mening is dat sodanige produkte teen die skool se etos en karakter indruis. Geen alkoholiese produkte of dwelmmiddels mag verkoop word nie.

Die kontrakteur onderneem om geen produkte op die terrein aan te hou en/of te verkoop wat die versekeringsrisiko van die Beheerliggaam in enige opsig nadelig sal beïnvloed nie. Die kontrakteur dra volle verantwoordelikheid vir alle aankope en stoor van produkte.

20. VERKOOPPRYS

Die kontrakteur onderneem om produkte te verkoop teen 'n prys wat nie hoër is as dié van kafees aanliggend aan of in die onmiddellike omgewing van die skool nie.

21. FASILITEITE

Die skoolsnoepwinkel word bedryf vanuit die ruimte wat tans vir die snoepwinkel ingeruim is asook dié by die snoepwinkel by die Hoërskool Tygerberg se sportvelde. Geen versekering teen misdaad word deur die Beheerliggaam voorsien nie en sou sodanige verliese plaasvind, berus die versekering van die inhoud van die snoepwinkel op die kontrakteur.

Naskoolse verkope by die skool se sportterrein geskied vanuit die verkooplokaal by die skool se sportvelde asook by ander ruimtes soos deur die skoolhoof toegelaat, op versoek van die kontrakteur.

22. TOERUSTING

Die kontrakteur is verantwoordelik vir die installering van toerusting (bv. yskaste) in die verskillende verkooplokale. Vir hierdie doel kan die bestaande elektriese muurproppe gebruik word. Die kontrakteur onderneem om geen aksies uit te voer wat die oorlading van die elektriese stroombane sal veroorsaak of die risiko vir die skool sal verhoog nie.

Betaling van elektrisiteit word geag ingesluit te wees by die maandelikse tarief waarteen die kontrakteur die snoepwinkel bedryf.

Indien daar 'n onderbreking in die kragtoevoer na die verskillende lokale plaasvind, is die Beheerliggaam nie aanspreeklik vir enige skade aan toerusting of gevolglike skade van enige aard ook al wat deur die kontrakteur gely mag word nie.

23. PRODUKAFLEWERING

Die kontrakteur moet reël dat produkte binne normale kantoorure afgelewer word. Die kontrakteur is self verantwoordelik vir die ontvangs en kontrolering van alle voorraad en mag geen personeel of leerders van die skool hierby betrek nie.

24. KONTRAKTERMYN

Die kontrak sal vir 'n termyn van een jaar geld. Die Beheerliggaam behou die reg voor om die kontraktermyn vir 'n addisionele jaar te verleng teen sodanige kontrakbedrag as waartoe onderling met die kontrakteur ooreengekom is, welke bedrag nie laer mag wees as die kontrakbedrag van die eerste jaar van die kontrak nie. Die kontraktermyn mag nie meer as twee maal verleng word voor daar nie weer aansoeke gevra word nie.

Die Beheerliggaam gee egter geen versekering dat die opsie vir verlenging in enige jaar toegepas sal word nie.

SPESIFIKASIES

25. BESKRYWING

Die aansoek omvat die bedryf gedurende die 2018-skooljaar van 'n skoolsnoepwinkel vanuit 'n toegewese ruimte, voor skool vanaf 07:00 tot 07:25, tydens pouses van elke skooldag asook die bedryf daarvan na skool vanaf 14:00 tot 15:00, asook die verkope van voedsel en verversings tydens naskoolse byeenkomste. Tydens sportmiddae wanneer besoekende skole teen Hoërskool Tygerberg deelneem, moet die snoepie bedryf word vir die duur van die wedstryde. Tydens oefenmiddae moet die snoepie oop wees tot 16:00. Laasgenoemde sal ook uit 'n toegewese verkoopslokaal by die sportvelde van Hoërskool Tygerberg geskied.

26. VEREISTES T.O.V. PRODUKTE

Die kontrakteur word toegelaat om enige produkte van 'n goeie en aanvaarbare gehalte aan te hou en te verkoop, mits:

- Dit gesond en gewild is onder die leerders.
- Dit kos wat vanaf die huis gebring word, aanvul.
- Die voedsel wat verkoop word genoeg voedingswaarde aan groeiende kinders verskaf.
- Kleur- en geurstowwe beperk is aangesien baie kinders voedselallergieë het, veral vir kleur- en preserveermiddels.
- Produkte wat as ligte middagetes kan dien, deel uitmaak van die keuse wat gebied word.

Die volgende moet deel vorm van die verskeidenheid wat gebied word maar is nie beperk tot:

- Slaaie of vrugte
- Vrugtesap
- Voedsame sop in die winter
- Verskeidenheid broodjies
- Joghurt en drinkbare joghurt
- Biltong en droë wors en soortgelyke vleisprodukte

Hoërskool TYGERBERG High School

Tel: 021-939-2023 | Faks: 021-930-6833

Tel: 021-939-2023 | Faks: 021-930-6833

Webwerf: www.hstygerberg.co.za | Epos: info@hstygerberg.co.za

Website: www.hstygerberg.co.za | Email: info@hstygerberg.co.za

Adres: Fairfieldweg-Noord, Parow, 7500

Address: Fairfieldweg-Noord, Parow, 7500